## VAN DIE REDAKSIE

Van tyd tot tyd word ongunstige kommentaar gelewer oor die hoë druipsyfer wat veral by eerstejaarstudente aan ons universiteite ondervind word. Afwisselend word die oorsaak hiervoor by die universiteite self of by die middelbare skole wat die leerlinge vir akademiese studie voorberei, gesoek. Sonder om by een van hierdie gedagterigtings aan te sluit, kan in die verbygaan daarop gewys word dat 'n groot probleem waarmee eerstejaarstudente dikwels te doen het, hulle onvermoë is om selfstandig te werk. Sodra die jong en onervare student voor die probleem gestel word om sy inligting self te gaan soek of om inligting selfstandig uit 'n aantal handboeke te verwerk, kry hy met probleme te doen wat hy nie die hoof kan bied nie. Die verskynsel van onselfstandigheid word dan in die reël die middelbare skool ten laste gelê.

Met die oog op hierdie verskynsel is dit besonder interessant dat twee Onderwysdepartemente tans met eksperimente besig is wat albei daarop gemik is om selfstudie by leerlinge aan te moedig. Omdat die verpligte eksterne eksamen waaraan leerlinge aan die einde van die middelbare skool onderwerp word, daarvoor verantwoordelik gehou word dat onderwysers verplig word om met die oog op eksamenresultate 'n soort driltegniek toe te pas wat die geleentheid tot selfstandige studie vanselfsprekend ondermyn, is die Transvaalse Onderwysdepartement met toestemming en medewerking van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, besig met 'n eksperiment waarvolgens 'n verteenwoordigende groep skole vrygestel sal word van die eksterne eksamen. Dit is die verwagting dat in hierdie skole ten opsigte van al die vakke 'n metodiek gevolg sal word wat die leerlinge met studiemateriaal in aanraking sal bring en op die wyse hulle vertroud sal maak met selfstandige studiemetodes.

In die Oranje-Vrystaat daarenteen word reeds vir 'n aantal jare ten opsigte van die vak Geskiedenis alleen die beleid toegepas dat 'n werkstuk oor 'n bepaalde onderwerp waaraan leerlinge selfstandig gedurende die jaar werk, die plek inneem van een van die vyf vrae wat leerlinge altyd veronderstel was om by die eindeksamen te beantwoord. Met die werkstuk, resultaat van selfstudie, kan 'n leerling dus 20% van sy punte in die eindeksamen in die vak verdien.

Op die meriete van die twee eksperimente word hier nie ingegaan nie. Wat egter wel beklemtoon word, is dat indien die eksperiment 'n kans om te slaag gegun word, die middele om selfstandig te kan studeer tot die beskikking van die skole en die leerlinge gestel sal moet word. Wat

die vak Geskiedenis betref, veronderstel dit 'n deeglike en goed toegeruste biblioteek met nie net 'n voldoende aantal eksemplare van die gewone standaard skoolgidse nie, maar ook 'n redelike aantal standaard werke oor die Vaderlandse en Algemene Geskiedenis. Met die oog op hierdie vanselfsprekende behoefte, het die Redaksie van *Historia* groot vrymoedigheid om al sy lesers, maar insonderheid hoofde van Hoërskole en onderwysers wat vir die onderrig van Geskiedenis in die hoër klasse van die Middelbare Skool verantwoordelik is, te verwys na 'n tweetal bydraes wat elders in hierdie uitgawe verskyn. In die een bydrae *Die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* word volledig rekenskap gegee van die inhoud van vyf-en-veertig boekdele wat reeds in hierdie uiters belangrike reeks verskyn het. In die ander bydrae *Die Ontstaan, Nut en Gebruik van Bronnepublikasies* deur dr. A. J. Böeseken, word 'n oorsig gegee van al die bronnepublikasies wat nog by die Staatsdrukker verkrygbaar is.

Nou wil ons dadelik toegee dat bronnepublikasies waarskynlik te gespesialiseerde leesstof bied vir leerlinge van die Middelbare Skool. Buitendien sal leerlinge waarskynlik vreemd staan teenoor die bronne wat op die geskiedenis van 'n ander provinsie as die waarin hy woon, betrekking het. Maar om selfstudie werklik tot sy reg te laat kom, lyk dit vir ons tog 'n gesonde uitgangspunt dat elke Hoërskool hom minstens daarop sal toelê om die bronnepublikasies met betrekking tot sy eie provinsie aan te koop.

Met die *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* is dit egter 'n heeltemal ander geval. Elkeen sal saamstem dat in die vyf-en-veertig dele wat reeds verskyn het, so 'n rykdom van onderwerpe behandel word dat haas geen enkele aspek van die Vaderlandse Geskiedenis nog nie daarin aangeraak is nie. So belangrik het hierdie reeks reeds geword dat geen goeie skoolbiblioteek sonder 'n volledige stel behoort te wees nie. Om agterstallig op die hele reeks in te teken, sal 'n aansienlike uitgawe meebring, maar om die reeks wat eendag in die toekoms 'n uitstekende belegging sal blyk te wees, daarna by te hou, sal sonder twyfel binne die vermoë van elke skool val.

Graag stel ons dit ook as 'n standpunt dat indien skole dit finansieël nie kan bybring om die hele reeks aan te skaf nie, dit van owerheidsweë vir hulle moontlik gemaak behoort te word.